OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 21 JANUARIE 2022 OM 10:00 TE PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Otto Pepler
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Riekie Pienaar
Buks Degenaar

1 OPENING & VERWELKOMING
Walter heet almal teenwoordig welkom. Hy open die vergadering met gebed.

2 VERSKONINGS
Martiens Kunneke
Maranda Degenaar
Joe Meyer

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES
Die notule van die vergadering, gehou 22 Oktober 2021, word aanvaar en goedgekeur. Otto stel dit voor en Riekie sekondeer dit.

Die notule van die Dagbestuursvergadering gehou op 26 November 2021 word goedgekeur. Riekie stel dit voor en Adriaan sekondeer dit.

4 VERKIESING VAN AMPSDRAERS
Walter lig die vergadering in dat die Grondwet bepaal dat die ampstermyn van ’n bestuurslid slegs een jaar is. Dit strek tot aan die einde van ’n Algemene Jaarvergadering. Adriaan stel voor dat die Ampsdraers dieselfde bly vir 2022 ter wille van kontinuïteit. Die vergadering aanvaar dit so.

5 STRATEGIE 2022
Walter het ’n konsepstrategie vir 2022 opgestel. Dit word bespreek.

Die Strategie soos by die notule aangeheg word na wysigings, goedgekeur.

6 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE
6.1 FINANSIES
Walter bespreek die finansies. Sien staat aangeheg.

Hy noem dat die Predikant wat die Kersdiens behartig het, se fooie uit die Eredienskollekte betaal is.

Hy wys die vergadering ook daarop dat die Saal se alarmstelsel elke 6 maande betaal moet word. Die uitgawe beloop R 5 900 per jaar.

Walter noem dat daar steeds lede is wat skenkings maak en dan versoek dat die vir ’n spesifieke doel aangewend moet word, bv. Water, duine, paaie verfraaiing ens. Daar word besluit om in die toekoms nog ’n kolom op die ledelys vir die doel aan te bring.

Walter noem dat die finansies goed lyk en dat meer mense ledegeld betaal.

AKSIE: MARTIENS

6.2 GEMEENSKAPSAAL

Adriaan noem dat daar nog nooit by die Gemeenskapsaal ingebreek is vandat Calibre die sekuriteit doen nie. Hy vra dat Calibre se telefoon nr. op almal wat die saal oopsluit se fone sal wees. Calibre kontrolekamer moet voor oopsluit geskakel word.

Otto verneem of die Munisipaliteit al die werk aan die saal afgehandel het. Walter noem dat plafonne in die kombuis en biblioteek nog ingesit gaan word, die vloer moet nog herstel word, die dak moet geverf word en die watertenks is nog nie gedoen nie. Hulle is tans besig om die betonplatforms vir die tenks te giet. Die vensters aan die suidekant is ook nog ’n prioriteit.

Buks verneem of daar ’n nuwe klankstelsel aangekoop kan word. Walter meld dat oorweging reeds by herhaling daaraan gegee is, maar omdat dit so min gebruik word, is dit nie as ’n prioriteit gesien nie. Buks onderneem om met Ds. Kobus Stapelberg te skakel, aangesien die Kerk dit meer dikwels sal gebruik. Dit bly egter ’n frustrasie om telkens ’n klankstelsel te leen. Buks sal ondersoek instel na pryse.

Adriaan noem dat die nuwe Raadslid van ons Wyk, Princess Ntshota, heet. ’n Kantoor word vir haar in die saal beskikbaar gestel, aangesien sy twee keer per week in Oesterbaai moet wees.

Addisionele “wheely bins” is aangevra. Adriaan meld dat die stoor daarvan in die saal probleme skep en dat dit onmiddellik afgehaal moet word.

AKSIE: BUKS EN ADRIAAN

6.3 AFVALSTORTINGSTERREIN

Walter noem dat tuinvullis ’n probleem bly en dat mense dit in die hoek van die terrein wil gooi.

Martiens het voorgestel dat ’n “shredder” aangekoop word. Hy het onderneem om ondersoek in te stel. Buks noem dat so ’n “shredder” nie dik take kan sny nie. Dit het ook veiligheidsimplikasies vir die operateurs van die masjien. Die stoor en instandhouding daarvan kan ook implikasies inhou. Buks stel voor dat ’n maatskappy van Humansdorp elke 2 maande gehuur kan word om die takke te sny. Buks sal ondersoek instel.

Walter noem dat voorstelle reeds by herhaling aan die Munisipaliteit gemaak is om een van hulle “shredders” van tyd tot tyd hierheen te bring. Dit kan werk skep indien kompos gemaak word. Otto stel voor dat die 3 tuindienste wat in Oesterbaai opereer dit oorneem. Adriaan noem dat hulle dalk nie oor die kapitaal sal beskik om die toerusting aan te koop nie.

Otto noem dat hy dit op ’n persoonlike basis met die Christa Venter gaan opneem, aangesien ’n groot deel van die bome op sy erwe wat hy wil skoonmaak, op die sypaadjies staan en dit hom duisende rande gaan kos om dit te laat verwyder.

AKSIE: BUKS

6.4 KOMMUNIKASIE

6.4.1 Advertensies

Daar sal voortgegaan word om advertensies alleenlik teen betaling op die WhatsApp groep te plaas.

AKSIE: WALTER EN RIEKIE.

6.4.2 Nuusbrief

Riekie stel voor dat daar kwartaalliks ’n Nuusbrief na lede gestuur word. Lede kan dan ingelig word d.m.v. video’s en foto’s wat in Oesterbaai gebeur. So kan ander lede ook dalk ’n bydrae lewer. Walter noem dat dit die beste trefkrag het, indien dit per WhatsApp uitgestuur word.

AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE

6.5 WATERVOORSIENING

Hylien verneem na die werking van die fonteine en oor die gehalte van die water. Walter noem dat die verslae van watertoetse op die Munisipaliteit se webtuiste publiseer moet word. Dit gebeur nie. Volgens Otto is dit wet dat dit gepubliseer moet word. Hylien sal skakel en uitvind.

Otto noem dat hy en Buks by die fonteine skoonmaak. Hy is bekommerd dat die opvangput oop is en gevaarlik is. Dit sal met die Munisipaliteit opgeneem word.

AKSIE: OTTO, BUKS EN HYLIEN

6.6 OMGEWINGSAKE

Walter vra of die OIV betrokke moet wees by die afdwing van regulasies oor visvang en oes van skulpvis ens. Adriaan noem dat die marinelisensies by die Winkel beskikbaar is en dat Natuurbewaringbeamptes wel van tyd tot tyd inspeksies kom doen.

Otto onderneem om navraag te doen oor die Hulpbeamptes wat die Provinsiale Administrasie in die verlede aangestel het om van hulp te wees. Moontlik bestaan dit nog.

Walter noem dat die gevaarlike inspeksiegat voor Nick Bornman se huis ‘n deksel gekry het.

Walter bedank Joe vir die volledige verslag wat hy aan die Bestuurslede en die Munisipale amptenare voorsien het.
Riekie en Anita spreek hulle ontevredenheid uit oor die ontoeganklikheid tot die strand. Oral is walle gestoot en ‘n geen parkering teken is ook aangebring. Walter noem dat dit deel vorm van die totale rehabilitasie van die strand na die vloede. Fondse hiervoor bly egter beperk. Die walle is gestoot om te voorkom dat mense op die duine ry as ‘n tydelike maatreël totdat die paaltjies geplant kon word. Die geen parkering teken is aangebring op versoek van Johan Koen, lid van die Vereniging. Die area is nie goedgekeur vir parkering nie. Riekie stel voor dat die tydelike parkering aan die einde van Oesterlaan, duidelik uitgemerk word, sodat motoriste ordelik sal parkeer.

Anita stel voor dat ‘n inligtingsbord ook in Oesterbaai aangebring word vir besoekers. Geen bestuurslid neem verantwoordelikheid vir die voorstel nie.

AKSIE: OTTO EN JOE.

6.7 PAAIE

Walter noem dat hy skakelpersoon sal bly vir die provinsiale paaie.

Riekie noem dat die gat by Tornynstr 44 nog herstel moet word.

Buks meld dat daar nog teer in Joe se stoortjie is en versoek vir betaling van 2 werkers om die gate op te vul. Die vergadering keur die uitgawe goed.

AKSIE: BUKS

6.8 UMZAMOWETHU.

Adriaan bespreek die algemene toestand / verval in Umzamowethu. Sinkhuise vermeerder steeds en oral word nuwe gesigte opgemerk. Daar het ’n dooie kalf op ’n sypaadjie gelê vir meer as een dag voordat dit verwyder is.

6.9 BRANDWEER

Walter lig die vergadering in dat die brandtoerusting deur die Munisipaliteit voorsien word. Dit word tans by Lodewyk Van Rensburg van die NSRI gestoor, maar die Brandweer depot word benodig om hierdie toerusting te stoor. Dit verniel in die son, wind en weer. Lodewyk is volgens die Noodplan van Oesterbaai die Brandkaptein. Kommunikasie met hom is effektief en hy het goeie kontak met die boere. Die boere het ook hulle eie brandtoerusting. Tjoppie is in die afwesigheid van Lodewyk, beskikbaar.

Otto en Buks noem weer dat Oesterbaai ’n plan moet hê, sodat elke inwoner en besoeker weet wat om te doen in ’n noodgeval. Walter toon aan die vergadering die noodplan wat deur die OIV opgestel en by elke huis beskikbaar gestel is met die versoek dat dit op ‘n prominente plek opgesit moet word. Hylien versoek dat ‘n opname op WhatsApp gedoen moet word oor wie die Noodplan benodig. Walter onderneem om die plan te hersien, waarna dit gedoen sal word.

AKSIE: WALTER

6.10 BIBLIOTEEK

Walter noem dat daar nou ook DVD's en CD's by die Biblioteek uitgeneem kan word.

Hylien bedank Riekie en Jean vir die nuwe gordyne wat hulle geskenk het. Sy meld dat oortollige DVD's, CD's en Boeke aan ouetehuise en die Hospice geskenk word.

6.11 DORPSVERFRAAIING

6.11.1 Verkeerseilande

Hylien stel voor dat Madelein Hennop betrek word by die verfraaiing van die verkeerseilande.

Otto noem dat Bouwen Schellingherhout 'n kenner is op die gebied van plante en stel voor dat ons van hom gebruik maak.

AKIE: HYLIEN, MARTIENS EN BUKS

6.11.2 Voetslaanpad

Otto noem dat Bouwen sal help met die identifisering van bome.

Hylien vra of daar 'n plan gemaak kan word met die begin- en eindpunt van die staproete. Otto meld dat hulle besig is om met planke die toegang te verbeter.

Otto noem ook dat hy met Eskom gaan praat oor die moontlikheid om verby die houtwoud/kershoutbome en mere te stap. Dit is op Eskomgronde

AKSIE: OTTO EN BUKS

6.12 DIEREPROJEK

Adriaan noem dat die DBV nog reageer op oproepe met diere probleme in Umzamowethu. Die Diereprojek het nog geld wat apart op die Finansiële State aangedui word en stel voor dat dit na die Algemene Rekening oorgedra word.

Die mense in Umzamowethu wil nie met die honde gehelp word nie en niemand in Oesterbaai is meer bereid om te help nie.

Die besprekingspunt word van toekomstige agendas verwyder.

AKSIE: MARTIENS

6.13 ALGEMENE JAARVERGADERING

Walter noem dat die vergadering positief was.

6.14 TYDELIKE TOILETTE

Walter noem dat die Munisipaliteit baie laat reageer het met die tydelike toilette, maar die nuwes was betyds vir die Kersvakansie.

Walter sê dat die area vir die toilette op die rehabilitasie plan, in Oesterlaan aangedui word. Daar is grond beskikbaar. Dit gebeur ongelukkig nie.

Buks noem dat daar ook beplanning rondom die braaigeriewe moet wees. Dit kan nie net elke jaar oopgestoot word nie. Hy stel voor dat daar bome geplant kan word, ens.

Adriaan vra uit oor die skoonmaak van die toilette. Buks noem dat dit gedurende die vakansie netjies gehou is deur die Munisipaliteit.

AKSIE: JOE EN BUKS

6.15 THYSPUNT

Walter sê dat hy sal opvolg oor enige verder verwikkeling. Hy noem dat die meerderheid mense teen kernkrag is. Die koste is enorm en die koste om ’n kernkragsentrale na sy lewensduur af te breek is ook uiters hoog.

AKSIE: WALTER

7. NUWE SAKE

7.1 MUNISIPALE WYKSKOMITEE VERKEISING

Walter wys die vergadering daarop dat niemand van Oesterbaai en Umzamowethu vir die Wykskomitee genomineer is nie.

Walter en Adriaan het gereël dat drie dames van Umzamowethu genomineer word: Mariekie Smit, Denise Malan en Frances Jensen. Die wyksvergadering vir die verkiesing van lede vind op 10 Februarie om 18:00 plaas.

7.2 BOEREVERENIGING SEKURITEITSKAMERAS

Walter is van mening dat die sekuriteitskameras by die ingang van die Dorp voordeel inhou vir die gemeenskap. Die opnames is beskikbaar indien dit benodig sou word en is al gebruik as bewysstuk om die bestuurder van die vullistrok vas te trek. Dit dien ook as ’n afskrikmiddel.

Walter meld dat Martiens in ’n e-pos aangedui het dat hy gekant is teen die uitgawe en van mening is dat hulle dit vooraf met ons moes reël.

Otto verneem na die koste. Walter meld dat dit R8 400 vir die jaar beloop. Otto spreek sy steun vir die uitgawe uit en die ander komiteelede stem ook almal in.

AKSIE: MARTIENS

7.3 TELKOMKABELS

Walter meld dat die Telkom kabels en pale wat omval ‘n gevaar vir besering inhou en die Dorp ontsier. Hy het ook klagtes van inwoners hieroor ontvang. Telkom se webtuistes is ontoeganklik vir klagtes van dié aard.

Walter onderneem om verder ondersoek te doen. Ben Schellingerhout het aangedui dat hy dalk kan help met ‘n kontakpersoon.

AKSIE: WALTER

7.4 GROEPFOTO

Walter vra dat elke komiteelid ’n foto aan Hylien sal stuur om ’n profielfoto vir die WhatsApp groep saam te stel.

AKSIE: HYLIEN EN ALLE LEDE

8 VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal volgens behoefte geskeduleer word.

9 AFSLUITING

Walter meld dat hy ’n brief aan die Munisipale Bestuurder wil stuur waarin die beamptes wat gesorg het dat Oesterbaai gedurende die vakansie skoongehou is, bedank word. Dit was die beste ooit. Michael Tshayitile sal pertinent vermeld word. Buks en Otto versoek dat Sakkie en Dale ook vermeld word vir die instandhouding van die watervoorsiening.

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

……. **…….**

GOEDGEKEUR

VOORSITTER **SEKRETARESSE**

DATUM: